


*Dit is ons eerste sel terug na 'n week weg, so neem tyd om te hoor hoe dit met almal gaan voordat jy met sel begin.*

**INLEIDING:**

Ons begin met 'n eerlike waarheid oor onsself: ons almal het al oomblikke gehad waar ons iets gesê of gedoen het voordat ons regtig daaroor gedink het. Dit kan 'n boodskap wees wat jy te vinnig stuur, 'n antwoord wat jy met selfvertroue gee maar later verkeerd blyk te wees, of selfs wanneer jy sê jy is "fine" terwyl jy nie is nie.

Hierdie wys hoe vinnig ons praat, reageer en besluit – en eers later oor die impak dink.

Die preek stel Petrus voor as iemand wat presies so was:

- Hy was eerste om te praat
- Eerste om te reageer
- Eerste om op te tree
- Maar ook dikwels eerste om verkeerd te wees

Hy was passievol, lojaal en emosioneel, maar ook impulsief. Daarom is hy so herkenbaar – hy is baie soos ons.

**Vrae:**

1. Kan jy 'n situasie onthou waar jy iets gesê of gedoen het en dit later berou het? Wat het gebeur?
2. Watter eienskappe van Petrus sien jy die meeste in jouself?
3. Hoe beïnvloed impulsiewe optrede jou verhoudings of jou geloof?

**1. HOOFTEKS: WIE SÊ JY IS JESUS?**

**Markus 8:27–33**

In hierdie gedeelte vra Jesus twee belangrike vrae. Eerstens: "Wie sê die mense is Ek?" Die dissipels gee verskillende antwoorde – Johannes die Doper, Elia, of een van die profete.

Maar dan maak Jesus dit persoonlik: "Maar julle… wie sê julle is Ek?"

Hier antwoord Petrus: "U is die Christus."

Dit is 'n groot oomblik. Petrus verstaan dat Jesus nie net 'n leermeester of profeet is nie, maar die Messias.

**Vrae:**

1. Hoe verskil dit om te weet wat ander mense van Jesus sê teenoor wat jy self glo?
2. As Jesus vandag vir jou vra: "Wie sê jy is Ek?" wat sou jy antwoord?
3. Hoe beïnvloed jou antwoord jou daaglikse lewe en keuses?

## 2. DIE HOOGTEPUNT EN DIE VAL

### Markus 8:31–33

Direk ná Petrus se regte antwoord, begin Jesus verduidelik dat Hy gaan ly, verwerp word en sterf.

Petrus hou nie van hierdie plan nie. Hy vat Jesus opsy en begin Hom teregwys. Hy wil 'n oorwinnende Messias hê, nie een wat ly nie.

Jesus se reaksie is baie sterk: Hy sê vir Petrus om agter Hom te kom.

Die betekenis hiervan is belangrik:

- Petrus het uit sy plek beweeg
- Hy het probeer lei in plaas van volg

Dissipelskap beteken nie dat Jesus ons plan volg nie, maar dat ons Hom volg.

**Vrae:**

1. Hoekom dink jy wou Petrus nie die idee van lyding aanvaar nie?
2. In watter areas van jou lewe probeer jy dalk vir God se plan verander?
3. Wat beteken dit prakties om agter Jesus te wees en nie voor Hom nie?

## 3. ONS DOEN DIT OOK

Die preek wys dat ons dikwels dieselfde patroon volg as Petrus. Ons sê dat Jesus Here is, maar in praktyk probeer ons steeds beheer hou oor ons lewens.

Ons wil hê:

- Jesus moet ons planne seën
  eerder as
- dat ons Sy plan volg

Ons gee oor, maar hou sekere dele terug.

**Vrae:**

1. Watter areas van jou lewe hou jy nog terug van God?
2. Hoekom is dit vir mense moeilik om beheer oor te gee?
3. Hoe lyk dit wanneer iemand sê Jesus is Here, maar leef asof hy self in beheer is?

## 4. GEESTELIKE INSIG EN MENSLIKE BLINDHEID

'n Belangrike waarheid is dat *geestelike insig en menslike blindheid* saam kan bestaan.

Petrus het reg verstaan wie Jesus is, maar nie reg verstaan hoe God se plan werk nie.

Dit beteken jy kan:

- aktief in die kerk wees
- betrokke wees in bediening
- geestelik lyk

maar steeds areas hê waar jy nie oorgegee is nie.

**Vrae:**

1. Het jy al ervaar dat jy iets weet wat reg is, maar sukkel om dit uit te leef?
2. Hoekom dink jy kan ’n mens geestelik aktief wees maar steeds blind in sekere areas?
3. Hoe kan ons eerlik raak oor die dele van ons lewe waar ons nog nie oorgegee is nie?

### 5. DIE WORTELPROBLEEM: BEHEER

**Markus 8:34**

Die kernprobleem wat uitstaan is beheer. Ons wil dikwels:

- sukses hê sonder opoffering
- seën hê sonder gehoorsaamheid
- oorwinning hê sonder die kruis

Maar Jesus roep ons om:

- onsself te verloën
- ons kruis op te neem
- en Hom te volg

**Vrae:**

1. Wat beteken dit vir jou persoonlik om jou kruis op te neem?
2. Watter dinge in jou lewe probeer jy nog beheer?
3. Hoe verander jou lewe wanneer jy regtig begin oorgee?

### 6. DIE GOEIE NUUS: HERSTEL

**Johannes 21:15–19**

Petrus se storie eindig nie by sy fout nie. Hy verloën Jesus drie keer toe hy bang word.

Maar Jesus ontmoet hom weer en herstel hom deur drie keer te vra: “Het jy My lief?”

Dit wys:

- Mislukking is nie die einde nie
- Jesus skryf nie mense af nie
- Hy herstel en gebruik gebroke mense

**Vrae:**

1. Hoe laat hierdie gedeelte jou voel oor jou eie mislukkings?
2. Hoekom dink jy gee Jesus vir Petrus nog ’n kans?
3. Waar het jy al God se herstel in jou lewe beleef?

### 7. PRAKTIESE DISSIPELSKAP

Die preek wys vier praktiese stappe van dissipelskap:

1. Bely wie Jesus is
2. Lê jou eie planne neer
3. Laat Jesus jou herstel
4. Lewe vir iets groter as jouself

Petrus se lewe wys dat dissipelskap 'n proses is – van impulsief na getrou.

**Vrae:**

1. Watter van hierdie vier areas is vir jou die moeilikste en hoekom?
2. Hoe kan jy prakties begin om jou planne neer te lê?
3. Wat beteken dit om vir iets groter as jouself te leef?

**SLOT: EK IS OOK PETRUS**

Ons almal kan met Petrus identifiseer:

- Ons praat soms te vinnig
- Ons reageer emosioneel
- Ons probeer beheer neem

Maar die hoop is:

- Jesus roep steeds
- Jesus herstel steeds
- Jesus gebruik steeds

Die groot vraag is:
Stap jy voor Jesus en probeer beheer neem, of stap jy agter Jesus as 'n dissipel?

**Vrae:**

1. Waar sien jy jouself tans – voor Jesus of agter Hom?
2. Wat dink jy sê Jesus vandag vir jou?
3. Wat is een praktiese stap wat jy hierdie week kan neem om Hom te volg?

**AFLSUITING:**

Laat elke persoon stil raak en nadink:
Waar moet ek weer agter Jesus kom staan?

Sluit af in gebed en vra vir:

- oorgawe
- vertroue
- gehoorsaamheid